



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB
ABROAD 30c BUITELANDS
POST FREE · POSVRY

Vol. 168]

CAPE TOWN, 27 JUNE 1979

KAAPSTAD, 27 JUNIE 1979

[No. 6535

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1374.

27 June 1979.

It is hereby notified that the Acting State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 87 of 1979: Promotion of the Density of Population in Designated Areas Act, 1979.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1374.

27 Junie 1979.

Hierby word bekend gemaak dat die Waarnemende Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 87 van 1979: Wet op die Bevordering van Bevolkingsdigtheid in Aangewese Gebiede, 1979.

Act No. 87, 1979

PROMOTION OF THE DENSITY OF POPULATION IN
DESIGNATED AREAS ACT, 1979

ACT

To provide for the designation of certain areas with a view to the taking of measures for the promotion of the density of population and of farming activities in those areas; and to provide for matters connected therewith.

*(Afrikaans text signed by the Acting State President.)
(Assented to 15 June 1979.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—
 - (i) "agricultural land" means all land except land referred to in section 2; (vii)
 - (ii) "assistance" means assistance as defined in section 1 of the Agricultural Credit Act, 1966 (Act No. 28 of 1966); (iv)
 - (iii) "board" means the Agricultural Credit Board established by section 2 of the Agricultural Credit Act, 1966; (x)
 - (iv) "control", in relation to a farming unit, means to exercise control or to cause control to be exercised over such farming unit in a manner prescribed by the Minister by regulation; (ii)
 - (v) "designated area" means an area designated under section 3; (i)
 - (vi) "farming unit" means each surveyed piece of agricultural land in a designated area and includes any portion of such a surveyed piece of land which in the opinion of the Minister forms an economical farming unit; (ix)
 - (vii) "Minister" means the Minister of Agriculture; (viii)
 - (viii) "occupy", in relation to a farming unit, means to occupy that farming unit or to cause it to be occupied in such manner, and during such period in each year, as may be prescribed by the Minister by regulation, and "occupation" shall have a corresponding meaning; (iii)
 - (ix) "owner", in relation to a farming unit, means the person in whose name the land which forms that farming unit is registered, and—
 - (a) if the owner is deceased, the executor in his estate;
 - (b) if the estate of the owner has been sequestrated, the trustee of his insolvent estate;
 - (c) if the owner is a company which is being wound up, the liquidator thereof;
 - (d) if the said land has vested in a liquidator or trustee elected or appointed in terms of the Agricultural Credit Act, 1966, that liquidator or trustee;
 - (e) if the owner of the said land is otherwise under a legal disability, his legal representative;

WET OP DIE BEVORDERING VAN BEVOLKINGSDIGTHEID IN
AANGEWESSE GEBIEDE, 1979

Wet No. 87, 1979

WET

Om voorsiening te maak vir die aanwysing van sekere gebiede met die oog daarop om maatreëls te tref ter bevordering van die bevolkingsdigtheid en van boerderybedrywighede in daardie gebiede; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

*(Afrikaanse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 15 Junie 1979.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, Woordoms krywing.
5 beteken—

- (i) „aangewese gebied” ’n gebied kragtens artikel 3 aangewys; (v)
- (ii) „beheer”, met betrekking tot ’n plaaseenheid, om beheer oor daardie plaaseenheid uit te oefen of te laat 10 uitoefen op ’n wyse deur die Minister by regulasie voorgeskryf; (iv)
- (iii) „bewoon”, met betrekking tot ’n plaaseenheid, om daardie plaaseenheid te bewoon of te laat bewoon op ’n 15 wyse, en gedurende die tydperk in elke jaar, deur die Minister by regulasie voorgeskryf, en het „bewoning” ’n ooreenstemmende betekenis; (viii)
- (iv) „bystand” bystand soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Landboukrediet, 1966 (Wet No. 28 van 1966); 20 (ii)
- (v) „eienaar”, met betrekking tot ’n plaaseenheid, die persoon op wie se naam die grond wat daardie plaaseenheid uitmaak, geregistreer is, en—
 - (a) indien die eienaar oorlede is, die eksekuteur van sy 25 boedel;
 - (b) indien die boedel van die eienaar gesekwestreer is, die kurator van sy insolvente boedel;
 - (c) indien die eienaar ’n maatskappy is wat gelikwideer word, die likwidateur daarvan;
 - (d) indien bedoelde grond oorgegaan het op ’n bered- 30 deraar of kurator wat ingevolge die Wet op Landboukrediet, 1966, gekies of aangestel is, daardie beredderaar of kurator;
 - (e) indien die handelingsbevoegdheid van die eienaar van bedoelde grond andersins beperk is, sy verteen- 35 woordiger in regte;
 - (f) met betrekking tot ’n hoewe wat ingevolge die Nedersettingswet, 1956 (Wet No. 21 van 1956), toegeken, verhuur, verkoop of uitgegee is, die 40 persoon aan wie dit aldus toegeken, verhuur, verkoop of uitgegee is, of sy sessionaris of onderhuurder;

Act No. 87, 1979

PROMOTION OF THE DENSITY OF POPULATION IN
DESIGNATED AREAS ACT, 1979

- (f) in relation to a holding allotted, leased, sold or granted in terms of the Land Settlement Act, 1956 (Act No. 21 of 1956), the person to whom it was so allotted, leased, sold or granted or his cessionary or sub-lessee; 5
- (g) if the said land is State land leased under a lease which contains an option in favour of the lessee to purchase the land so leased, the lessee who has exercised his option to purchase such land;
- (h) if the said land is State land which has been purchased by any person but which has not yet been registered in his name, such purchaser; 10
- (i) includes the owner's authorized representative in the Republic; (v)
- (x) "Secretary" means the Secretary for Agricultural Credit and Land Tenure; (xi) 15
- (xi) "this Act" includes the regulations. (vi)

Application of Act.

2. The provisions of this Act shall not apply in respect of—
- (a) land situated in a proclaimed township;
 - (b) land owned by the South African Development Trust or a Black or which is registered in the name of any other person in trust for a Black tribe or community; 20
 - (c) land situated in an area to which the provisions of the Rural Coloured Areas Act, 1963 (Act No. 24 of 1963), are applicable. 25

Designation and
revocation of
designation of areas.

3. (1) If the State President is satisfied—
- (a) that it is in the national interest to increase the density of population in a particular area he may, subject to the provisions of section 2, by proclamation in the *Gazette*, with effect from a date specified in the proclamation, designate such area, as described in the proclamation, as an area in respect of which the provisions of this Act shall apply, or add such area to an area so designated; 30
 - (b) that a designation referred to in paragraph (a) should be revoked in respect of the area in question or any part thereof, he may by proclamation in the *Gazette* declare that such area or such part thereof as may be described in the proclamation shall, with effect from a date specified in the proclamation, no longer be a designated area or part of a designated area, as the case may be. 35 40
- (2) A name or a number may in a proclamation referred to in subsection (1) (a) be given to a designated area.

Rendering of
assistance in
designated area.

4. (1) If after the designation of an area in terms of section 3 (1) (a) assistance is rendered under the Agricultural Credit Act, 1966 (Act No. 28 of 1966), to any person in respect of agricultural land situated within such area, interest shall, notwithstanding anything to the contrary contained in any law but subject to the provisions of subsection (2), be payable at the rate of four per cent per annum on any outstanding amount which is recoverable on account of the rendering of such assistance: Provided that— 50
- (a) where such assistance is rendered for the purchase of agricultural land in the designated area in question, to a person who does not have ownership of agricultural land or has not concluded a transaction for the acquisition of such agricultural land, such assistance shall be subject to the following special terms and conditions, namely— 55
 - (i) no part of the said outstanding amount shall be repayable during the first eight years after the date on which the assistance was rendered;

WET OP DIE BEVORDERING VAN BEVOLKINGSDIGTHEID IN
AANGEWESE GEBIEDE, 1979

Wet No. 87, 1979

- (g) indien bedoelde grond Staatsgrond is wat verhuur is kragtens 'n huurkontrak wat 'n opsie ten gunste van die huurder bevat om die aldus verhuurde grond aan te koop, die huurder wat sy opsie uitgeoefen het om die grond aan te koop;
- (h) indien bedoelde grond Staatsgrond is wat deur iemand gekoop is maar wat nog nie in sy naam geregistreer is nie, daardie koper;
- (i) ook die eienaar se gevolmagtigde verteenwoordiger in die Republiek; (ix)
- (vi) „hierdie Wet” ook die regulasies; (xi)
- (vii) „landbougrond” alle grond behalwe grond bedoel in artikel 2; (i)
- (viii) „Minister” die Minister van Landbou; (vii)
- (ix) „plaaseenheid” elke opgemete stuk landbougrond in 'n aangewese gebied en ook 'n gedeelte van so 'n opgemete stuk grond wat na die oordeel van die Minister 'n ekonomiese boerderyeenheid uitmaak; (vi)
- (x) „raad” die Landboukredietraad ingestel by artikel 2 van die Wet op Landboukrediet, 1966; (iii)
- (xi) „Sekretaris” die Sekretaris van Landboukrediet en Grondbesit. (x)

2. Die bepalinge van hierdie Wet is nie van toepassing nie ten opsigte van—

- (a) grond geleë in 'n geproklameerde dorpsgebied;
- (b) grond wat die eiendom is van die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrust of van 'n Swarte of wat op die naam van iemand anders in trust vir 'n Swart stam of gemeenskap geregistreer is;
- (c) grond geleë in 'n gebied waarop die bepalinge van die Wet op Landelike Kleurlinggebiede, 1963 (Wet No. 24 van 1963), van toepassing is.

3. (1) Indien die Staatspresident daarvan oortuig is—

- (a) dat dit in die nasionale belang is om die digtheid van die bevolking in 'n bepaalde gebied te verhoog, kan hy behoudens die bepalinge van artikel 2 by proklamasie in die *Staatskoerant* daardie gebied, soos in die proklamasie omskryf, met ingang van 'n datum vermeld in die proklamasie aanwys as 'n gebied ten opsigte waarvan die bepalinge van hierdie Wet van toepassing is, of so 'n gebied by 'n aldus aangewese gebied byvoeg;
- (b) dat 'n aanwysing bedoel in paragraaf (a) ten opsigte van die betrokke gebied of 'n gedeelte daarvan opgehef behoort te word, kan hy by proklamasie in die *Staatskoerant* verklaar dat daardie gebied of die in die proklamasie omskrewe gedeelte daarvan, met ingang van 'n datum vermeld in die proklamasie nie meer 'n aangewese gebied of, na gelang van die geval, nie meer deel van 'n aangewese gebied is nie.

Aanwysing en opheffing van aanwysing van gebiede.

- (2) 'n Naam of 'n nommer kan in 'n in subartikel (1) (a) bedoelde proklamasie aan 'n aangewese gebied toegeken word.

4. (1) Ondanks andersluidende wetsbepalinge maar behoudens die bepalinge van subartikel (2) is daar, wanneer daar na die aanwysing van 'n gebied ingevolge artikel 3 (1) (a) bystand kragtens die Wet op Landboukrediet, 1966 (Wet No. 28 van 1966), aan iemand verleen word ten opsigte van landbougrond wat binne daardie gebied geleë is, op enige uitstaande bedrag wat weens die verlening van sodanige bystand verhaalbaar is, rente betaalbaar teen 'n koers van vier persent per jaar: Met dien verstande dat—

Bystandverlening in aangewese gebied.

- (a) waar sodanige bystand aan iemand wat nie eiendom van landbougrond het of 'n transaksie vir die verkryging van sodanige landbougrond aangegaan het nie, verleen word vir die aankoop van landbougrond in die betrokke aangewese gebied, bedoelde bystand onderworpe is aan die volgende besondere bedinge en voorwaardes, naamlik—

- (i) geen deel van bedoelde uitstaande bedrag is gedurende die eerste agt jaar na die datum waarop die bystand verleen is, terugbetaalbaar nie;

Act No. 87, 1979

PROMOTION OF THE DENSITY OF POPULATION IN
DESIGNATED AREAS ACT, 1979

- (ii) no interest shall be payable on the said outstanding amount during the first two years after the said date;
 - (iii) interest at the rate of two per cent per annum shall be payable on the said outstanding amount during the third, fourth and fifth year after the said date;
 - (iv) the said outstanding amount shall be repayable with effect from the first day of the ninth year after the said date over a period of twenty-five years in such instalments as the board may determine in respect of each case;
- (b) where such assistance is rendered for the purchase of agricultural land in the designated area in question, to a person who already has ownership of agricultural land or has concluded a transaction for the acquisition of such agricultural land, such assistance shall be subject to the following special terms and conditions, namely—
- (i) no part of the said outstanding amount shall be repayable during the first five years after the date on which the assistance was rendered;
 - (ii) interest at the rate of two per cent per annum shall be payable on the said outstanding amount during the first two years after the said date;
 - (iii) the said outstanding amount shall be repayable with effect from the first day of the sixth year after the said date over a period of twenty-five years in such instalments as the board may determine in respect of each case.

(2) If the assistance contemplated in subsection (1) is a loan referred to in section 10 (2) of the Agricultural Credit Act, 1966, for the construction of water works and the said loan exceeds an amount as contemplated in section 15 (2) of that Act, the interest in question shall be payable at the rate which in terms of the said section 15 (2) is applicable to the case in question, less one per cent, instead of any rate referred to in subsection (1).

Interest on amounts
already recoverable.

5. (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law but subject to the provisions of subsection (4), the Minister may, when application therefor is made in terms of subsection (2), on the recommendation of the board fix the rate at which interest is payable on any outstanding amount, or part thereof, which is, on the date with effect from which an area is designated in terms of section 3 (1) (a), already recoverable on account of the rendering of assistance in terms of the Agricultural Credit Act, 1966, or by virtue of the application of any law repealed by that Act, in respect of farming activities on agricultural land which is, after such designation, situated within the designated area in question, at four per cent per annum or, if the assistance in question is assistance as contemplated in section 4 (2), in accordance with the provisions of that section, with effect from the said date, provided the requirements of this Act relating to the occupation and control of the farming unit or farming units of which the agricultural land in question consists, are being complied with.

(2) An application referred to in subsection (1) shall be addressed to the Secretary in writing and shall contain such particulars as may be determined by the Secretary.

(3) When the outstanding amount referred to in subsection (1) is recoverable on account of assistance rendered in respect of agricultural land situated partly within and partly outside a designated area or in respect of different pieces of agricultural land situated some within and some outside a designated area, the Minister may, on the recommendation of the board, limit the fixing of the interest rate in terms of subsection (1) to such part only of the outstanding amount as may be determined by the Minister on the recommendation of the board.

(4) The provisions of this section shall not apply in the case where the rate at which interest is payable, before a fixing thereof in terms of subsection (1), on any outstanding amount referred to in that subsection, is four per cent per annum or lower.

WET OP DIE BEVORDERING VAN BEVOLKINGSDIGTHEID IN
AANGEWSE GEBIEDE, 1979

Wet No. 87, 1979

- (ii) geen rente is gedurende die eerste twee jaar na bedoelde datum op bedoelde uitstaande bedrag betaalbaar nie;
- 5 (iii) rente teen 'n koers van twee persent per jaar is gedurende die derde, vierde en vyfde jaar na bedoelde datum op bedoelde uitstaande bedrag betaalbaar;
- 10 (iv) bedoelde uitstaande bedrag is met ingang van die eerste dag van die negende jaar na bedoelde datum terugbetaalbaar oor 'n tydperk van vyf-en-twintig jaar in die paalemente wat die raad ten opsigte van elke geval bepaal;
- (b) waar sodanige bystand aan iemand wat reeds eiendom van landbougond het of 'n transaksie vir die verkryging van sodanige landbougond aangegaan het, verleen word vir die aankoop van landbougond in die betrokke aangewese gebied, bedoelde bystand onderworpe is aan die volgende besondere bedinge en voorwaardes, naamlik—
- 20 (i) geen deel van bedoelde uitstaande bedrag is gedurende die eerste vyf jaar na die datum waarop die bystand verleen is, terugbetaalbaar nie;
- (ii) rente teen 'n koers van twee persent per jaar is gedurende die eerste twee jaar na bedoelde datum op bedoelde uitstaande bedrag betaalbaar;
- 25 (iii) bedoelde uitstaande bedrag is met ingang van die eerste dag van die sesde jaar na bedoelde datum terugbetaalbaar oor 'n tydperk van vyf-en-twintig jaar in dié paalemente wat die raad ten opsigte van elke geval bepaal.
- 30

(2) Indien die bystand beoog in subartikel (1) 'n lening bedoel in artikel 10 (2) van die Wet op Landboukrediet, 1966, vir die bou van 'n waterwerk is en bedoelde lening 'n bedrag oorskry soos beoog in artikel 15 (2) van daardie Wet, is die betrokke rente betaalbaar teen die koers wat ingevolge genoemde artikel 15 (2) op die betrokke geval van toepassing is, min een persent, in plaas van die een of ander koers bedoel in subartikel (1).

5. (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings maar behoudens die bepalinge van subartikel (4) kan die Minister, wanneer daar Rente op reeds verhaalbare bedrae.

40 ingevolge subartikel (2) daarom aansoek gedoen word, op aanbeveling van die raad die koers waarteen rente betaalbaar is op enige uitstaande bedrag, of gedeelte daarvan, wat op die datum met ingang waarvan 'n gebied ingevolge artikel 3 (1) (a) aangewys word, reeds verhaalbaar is weens die verlening van

45 bystand ingevolge die Wet op Landboukrediet, 1966, of uit hoofde van die toepassing van 'n wetsbepaling wat deur daardie Wet herroep is, ten opsigte van boerderybedrywighede op landbougond wat na bedoelde aanwysing in die betrokke aangewese gebied geleë is, met ingang van bedoelde datum vasstel op vier

50 persent per jaar of, indien die betrokke bystand bystand is soos beoog in artikel 4 (2), ooreenkomstig die bepalinge van daardie artikel, mits daar voldoen word aan die vereistes van hierdie Wet met betrekking tot die bewoning en beheer van die plaaseenheid of plaaseenhede waaruit die betrokke landbougond bestaan.

55 (2) 'n Aansoek bedoel in subartikel (1) moet skriftelik aan die Sekretaris gerig word en moet die besonderhede bevat wat die Sekretaris bepaal.

(3) Wanneer die uitstaande bedrag bedoel in subartikel (1) verhaalbaar is uit hoofde van bystand wat verleen is ten opsigte van landbougond wat gedeeltelik binne en gedeeltelik buite 'n aangewese gebied geleë is of ten opsigte van verskillende stukke landbougond waarvan sommige binne en sommige buite 'n aangewese gebied geleë is, kan die Minister op aanbeveling van die raad die vasstelling van die rentekoers ingevolge subartikel (1) beperk tot slegs daardie gedeelte van die uitstaande bedrag wat die Minister op aanbeveling van die Raad bepaal.

(4) Die bepalinge van hierdie artikel is nie van toepassing nie in die geval waar die koers waarteen rente betaalbaar is op 'n uitstaande bedrag bedoel in subartikel (1), voor 'n vasstelling daarvan ingevolge daardie subartikel, vier persent per jaar of laer is.

Act No. 87, 1979

PROMOTION OF THE DENSITY OF POPULATION IN
DESIGNATED AREAS ACT, 1979

Rental in a designated area.

6. Notwithstanding the provisions of section 10 (2A) (d) of the Agricultural Credit Act, 1966, the annual rental in respect of immovable property referred to in section 10 (1) (b) of that Act shall, in respect of the fifth year and any further period of the lease, be four per cent of the purchase price referred to in section 10 (2A) of that Act, if such immovable property is situated in a designated area. 5

Farming units to be occupied and controlled.

7. (1) The Minister may by notice in the *Gazette* determine that every farming unit of which the ownership changes or which is let after a date specified in that notice shall, as from a date determined by the Minister in the said notice, be occupied and controlled in such manner and during such period in each year as the Minister may prescribe by regulation in terms of section 8, and that every other farming unit shall, as from a date so determined, be so occupied and controlled. 15

(2) Different dates may in terms of subsection (1) be determined by the Minister in respect of, respectively, the farming units and other farming units referred to in that subsection.

Regulations.

8. (1) The Minister may by notice in the *Gazette* make 20 regulations—

- (a) prescribing the categories of persons who shall occupy and control farming units;
- (b) prescribing the manner in which and the period in each year during which a farming unit shall be occupied; 25
- (c) as to the manner in which control shall be exercised over a farming unit and as to any matter connected therewith;
- (d) as to the compilation and furnishing of returns in connection with the occupation and control of a farming unit; 30
- (e) as to any other matter required or permitted to be prescribed under this Act,

and generally better to achieve the objects and purposes of this Act. 35

(2) Different regulations may be made under subsection (1) in respect of farming units in different designated areas.

(3) The Minister may, when application therefor is made in terms of subsection (4) by the owner of a farming unit, on the recommendation of the board and subject to such conditions as the Minister may on the recommendation of the board determine, grant to such owner exemption from the provisions of any regulation made under subsection (1). 40

(4) An application referred to in subsection (3) shall be addressed to the Secretary in writing and shall contain such particulars as may be determined by the Secretary. 45

(5) Regulations made under subsection (1) may prescribe penalties for a contravention thereof or failure to comply therewith, and a penalty so prescribed may include a fine of not less than five hundred rand or imprisonment for a period of not less than one month: Provided that in the case of a contravention of or failure to comply with such a regulation in which provision is made for a continuing offence in connection with a farming unit, any person convicted of such an offence shall for a period of ninety days after such conviction not be liable to further prosecution for such an offence. 55

Limitation of liability.

9. The Minister or any person in the service of the State shall not be liable in respect of any loss or damage resulting from anything done in good faith in terms of the provisions of this Act.

Right of entry upon farming unit.

10. Any person generally or specially authorized thereto in writing by the Minister may at any time enter upon a farming unit for the purpose of ascertaining whether the provisions of this Act are being complied with in respect of that farming unit and may, for the purpose of gaining access to such farming unit, enter upon and cross any other land. 60 65

WET OP DIE BEVORDERING VAN BEVOLKINGSDIGTHEID IN
AANGEWESE GEBIEDE, 1979

Wet No. 87, 1979

6. Ondanks die bepalings van artikel 10 (2A) (d) van die Wet op Landboukrediet, 1966, is die jaarlikse huurgeld ten opsigte van onroerende goed bedoel in artikel 10 (1) (b) van daardie Wet ten opsigte van die vyfde jaar en enige verdere tydperk van die huur vier persent van die koopprys soos bedoel in artikel 10 (2A) van daardie Wet wanneer sodanige onroerende goed in 'n aangewese gebied geleë is. Huurgeld in 'n aangewese gebied.
7. (1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal dat elke plaaseenheid waarvan die eiendom verander of wat verhuur word na 'n datum in daardie kennisgewing vermeld, vanaf 'n datum wat die Minister in bedoelde kennisgewing bepaal, bewoon en beheer moet word op die wyse en vir die tydperk in elke jaar wat die Minister by regulasie ingevolge artikel 8 voorskryf, en dat elke ander plaaseenheid vanaf 'n datum aldus bepaal aldus bewoon en beheer moet word. Plaaseenhede moet bewoon en beheer word.
- (2) Verskillende datums kan ingevolge subartikel (1) deur die Minister bepaal word ten opsigte van onderskeidelik die plaaseenhede en ander plaaseenhede bedoel in daardie subartikel.
8. (1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* 20 regulasies uitvaardig— Regulasies.
- (a) wat die kategorieë persone wat plaaseenhede moet bewoon en beheer, voorskryf;
 - (b) wat die wyse waarop en tydperk in elke jaar waartydens 'n plaaseenheid bewoon moet word, voorskryf;
 - 25 (c) betreffende die wyse waarop beheer oor 'n plaaseenheid uitgeoefen moet word en betreffende enige aangeleentheid wat daarmee in verband staan;
 - (d) betreffende die hou en verstrekking van opgawes in verband met die bewoning en beheer van 'n plaaseenheid;
 - 30 (e) betreffende enige ander aangeleentheid wat kragtens hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word, en in die algemeen om die oogmerke en doeleindes van hierdie Wet beter te verwesenlik.
- 35 (2) Verskillende regulasies kan kragtens subartikel (1) uitgevaardig word ten opsigte van plaaseenhede in verskillende aangewese gebiede.
- (3) Die Minister kan wanneer daar ingevolge subartikel (4) deur die eienaar van 'n plaaseenheid daarom aansoek gedoen word, op aanbeveling van die raad en onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister op aanbeveling van die raad bepaal, aan bedoelde eienaar vrystelling verleen van die bepalings van enige regulasie kragtens subartikel (1) uitgevaardig.
- (4) 'n Aansoek bedoel in subartikel (3) moet skriftelik aan die 45 Sekretaris gerig word en moet die besonderhede bevat wat die Sekretaris bepaal.
- (5) Regulasies kragtens subartikel (1) uitgevaardig, kan vir 'n oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen strawwe voorskryf, en 'n straf aldus voorgeskryf, kan ook 'n boete van 50 minstens vyfhoender rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens een maand wees: Met dien verstande dat in die geval van 'n oortreding van of versuim om te voldoen aan so 'n regulasie waarin daar voorsiening gemaak word vir 'n voortdurende misdryf in verband met 'n plaaseenheid, iemand wat aan so 'n misdryf 55 skuldig bevind is, vir 'n tydperk van negentig dae na sodanige skuldigbevinding nie aan verdere vervolging weens sodanige misdryf blootstaan nie.
9. Die Minister of iemand in diens van die Staat is nie aanspreeklik nie ten opsigte van enige verlies of skade wat 60 ontstaan as gevolg van enigiets wat te goeder trou ingevolge die bepalings van hierdie Wet gedoen is. Beperking op aanspreeklikheid.
10. Iemand wat in die algemeen of in 'n besondere geval skriftelik deur die Minister daartoe gemagtig is, kan te eniger tyd 'n plaaseenheid betree ten einde te bepaal of daar ten opsigte van 65 daardie plaaseenheid aan die bepalings van hierdie Wet voldoen word en kan, met die doel om toegang tot sodanige plaaseenheid te verkry, enige ander grond betree en daarvoor gaan. Reg om plaaseenheid te betree.

Act No. 87, 1979**PROMOTION OF THE DENSITY OF POPULATION IN
DESIGNATED AREAS ACT, 1979****Delegation of powers.**

11. The Minister may in writing delegate to any officer in the service of the State any power conferred upon him by this Act, excluding any power referred to in sections 7 and 8 (1), but shall not be divested of any power so delegated and may amend or withdraw any decision made by such officer in the exercise of any power so delegated. 5

**Short title and
commencement.**

12. This Act shall be called the Promotion of the Density of Population in Designated Areas Act, 1979, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*. 10

WET OP DIE BEVORDERING VAN BEVOLKINGSDIGTHEID IN
AANGEWESE GEBIEDE, 1979

Wet No. 87, 1979

11. Die Minister kan 'n bevoegdheid by hierdie Wet aan hom verleen, uitgesonderd 'n bevoegdheid bedoel in artikels 7 en 8 (1), skriftelik aan 'n beampte in diens van die Staat delegeer, maar is nie ontdoen van 'n bevoegdheid aldus gedelegeer nie en kan 'n beslissing deur so 'n beampte geneem by die uitoefening van 'n bevoegdheid wat aldus gedelegeer is, wysig of intrek. Delegering van bevoegdhede.
12. Hierdie Wet heet die Wet op die Bevordering van Bevolkingsdigtheid in Aangewese Gebiede, 1979, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *10 Staatskoerant* bepaal. Kort titel en inwerkingtreding.

